ABSA BARCLAYS

# Kommersiële Bepalings vir Termynlening Buite die Nasionale Kredietwet No 34 van 2005

## Vertroulik

Hierdie Kommersiële Bepalings moet saam met die gepaardgaande Standaard Bepalings en ons Besigheidskliëntooreenkoms (BKO) gelees word. Die dokumente vorm gesamentlik die Ooreenkoms.

| | |
|---|---|
| Lener | BERGRIVIER MUNICIPALITY<br>13 KERKSTRAAT<br>PIKETBERG<br>7320 |
| Leningsbedrag | R430 000-00 |
| **Leningsrekening** | **3044794458** |
| Rentekoers | Opsie 1 – Vaste Koers van 9.99%. |
| Terugbetalingspaaiemente | Bedrag: R114 780, 60<br>Finale paaiement: R114 780, 62<br>Datum van eerste paaiement 30 JUNIE 2017<br>Betalingsfrekwensie JAARLIKS |
| Finale Terugbetalingsdatum | 30 JUNIE 2021 |
| Strafrentekoers | 8% bo die Prima Koers. |
| Fooie | Aanvangsfooi: N/A BTW ingesluit, sal op die Ondertekeningsdatum teen u Leningsrekening gedebiteer word. |

**Bank se adres vir kennisgewings** Barclays Toringblok Wes, Troyestraat 15, Johannesburg, 2001.

Parafeer

Geteken te KAAPSTAD op 30 JUNIE 2016

Vir: Absa Bank Beperk

Behoorlik Gemagtig

Handtekening

ANDRÉ VAN SCHAAR

Volle naam

TRANSAKSIEONELE BANKIER

Hoedanigheid

Werkgewernommer 2643491

Geteken te PIKETBERG op 30 JUNIE 2016

Vir: BERGRIVIER MUNICIPALITY

Behoorlik Gemagtig

Behoorlik Gemagtig

JOHAN WILLIAM ANDREAS KRUGER

Volle naam

Volle naam

WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Hoedanigheid

Hoedanigheid

# Standaard Bepalings vir Termynlening buite die Nasionale Kredietwet No 34 van 2005

In hierdie Ooreenkoms word na Absa Bank Beperk verwys as 'ons'en na die lener as 'Lener' of 'u'.
Uitdrukkings met 'n hoofletter verwys in die Kommersiële Bepalings en hierdie Standaard Bepalings na dieselfde uitdrukking.

1 **Woordomskrywings**

In hierdie Ooreenkoms beteken:

| | |
|---|---|
| Barclays Group | beteken Barclays PLC en enige van sy filiale; |
| Finansieringsdokument | beteken die termynlening se Kommersiële en Standaard Bepalings, enige sekuriteitsdokumente, die BKO en enige ander dokumente waarop ons en u besluit; |
| Lening | beteken die totale kapitaal, rente en fooie wat kragtens die termynlening uitstaande is |
| Leningsrekening | beteken die rekening waarop Terugbetalingspaaiemente betaal en bedrae gedebiteer word waarna in die Kommersiële Bepalings verwys word |
| Prima Koers | beteken die Bank se openbaar gekwoteerde prima uitleenrentekoers wat van tyd tot tyd verander |
| Rentetydperk | beteken maandeliks |
| Reputasierisikogebeurtenis | beteken enige handeling, saak, gebeurtenis wat lei tot, of na ons redelike mening kan lei tot skade aan die reputasie van enige deel van die Barclays Group |
| Sekuriteit | beteken enige sekuriteit wat aan ons verskaf word |
| Sekuriteitsdokument | beteken enige dokument wat Sekuriteit in ons guns skep; en |
| Wanprestasiegebeurtenisse | beteken enige van die gebeurtenisse wat in klousule 13 (Wanprestasiegebeurtenisse) genoem word |

2 **Lening**

2.1 Ons kom ooreen om die Leningsbedrag soos in hierdie Ooreenkoms uiteengesit uit te leen en u kom ooreen om dit te leen.

2.2 Ons krediteer die rekening wat in u aansoek aangedui word met die Leningsbedrag wanneer u in 'n vorm en substansie wat vir ons bevredigend is die Opskortende Voorwaardes nagekom het en enige Nuwe Sekuriteit wat verlang word, in plek is.

3 **Doel**

3.1 U moet die Leningsbedrag gebruik vir die doel wat u verklaar het toe u daarvoor aansoek gedoen het..

4 **Opskortende voorwaardes**

4.1 Elke Opskortende Voorwaarde is tot ons uitsluitlike voordeel en ons mag, deur u skriftelik kennis te gee, die uitvoering van enige Opskortende Voorwaarde ten volle of gedeeltelik kwytskeld of uitstel, of onderworpe aan enige ander voorwaarde waarop ons mag besluit.

5 **Sekuriteit**

5.1 Indien dit 'n voorwaarde van hierdie Ooreenkoms is dat u Sekuriteit verskaf, moet dit geregistreer (indien vereis) of in plek wees voor ons die Leningsrekening teen u rekening krediteer.

5.2 U stem in om, indien ons Sekuriteit vereis, nie toe te laat dat enigiemand anders 'n belang daarin verkry nie.

5.3 Ons mag enige tyd vereis dat enige bate wat aan die Sekuriteit onderworpe is op u koste professioneel waardeer word.

5.4 Indien 'n bate wat u by wyse van Sekuriteit aan ons gesedeer het deur 'n openbare owerheid toegeëien is of gaan word, of andersins skade ly of waarskynlik 'n wesenlike vermindering in verkoopswaarde gaan ondervind, stem u in om ons binne 3 (drie) maande na ons aan u skriftelike kennis gelewer het wat bykomende of alternatiewe sekuriteit vereis van alternatiewe of bykomende sekuriteit te voorsien wat vir ons redelik aanvaarbaar is met inagneming van die uitstaande saldo van die Lening.

6 **Terugbetaling**

6.1 U Terugbetalingspaaiement behels 'n kapitaalterugbetaling van die Leningsbedrag, rente en fooie, en enige ander bedrae wat kragtens hierdie Ooreenkoms aan ons verskuldig is. U sal die Lening in Suid-Afrikaanse rand terugbetaal.

6.2 U mag die Terugbetalingspaaiemente in kontant, per elektroniese fondsoorplasing (EFO) of per debietorder betaal.

6.3 Ons mag die bedrag van die Terugbetalingspaaiement aanpas deur u vooraf skriftelik in kennis te stel om seker te maak dat u die Lening teen die Finale Terugbetalingsdatum terugbetaal.

6.4 U mag nie enige deel van die Leningsbedrag heronttrek nie tensy u 'n FlexiReserwe-fasiliteit het.

6.5 U word nie toegelaat om enige bedrae van die Terugbetalingspaaiemente af te trek of the weerhou nie.

7 **Voorafbetaling en vroeë afbetaling van u lening**

**Vrywillige Voorafbetaling**

7.1 Wanneer 90 (negentig) dae verstryk het na ons u rekening met die Leningsbedrag gekrediteer het, mag u deur aan ons 90 (negentig) dae vooraf skriftelike kennis te gee, die volle of 'n gedeelte van die Lening vroeg afbetaal.

7.2 Indien u 'n gedeelte van die Lening vroeg afbetaal, sal ons u Terugbetalingspaaiement oor die oorblywende termyn van hierdie Ooreenkoms herbereken en verlaag, tensy u ons skriftelik in kennis stel dat u die bedrag van u Terugbetalingspaaiement onveranderd wil hou.

7.3 Indien u u volle Lening vroeg wil terugbetaal, moet u ons inlig op watter datum u graag die Lening wil terugbetaal, en ons sal u inlig watter bedrag nodig is om die Lening op daardie datum terug te betaal, met inbegrip van enige Fooi vir Vroeë Terugbetaling wat in die Kommersiële Bepalings gespesifiseer word.

**Verpligte Voorafbetaling**

7.4 Ons mag van u vereis om die Lening vroeg af te betaal deur aan u 20 (twintig) werksdae skriftelike kennis te gee indien:

- ons onderworpe raak aan of waarskynlik onderworpe gaan raak aan 'n wet wat ons nie toelaat om aan u krediet te verleen nie; of
- as 'n lid van die Barclays Groep ons beheer- en veiligheidsmaatreëls in verband met internasionale sanksies, die bespeuring en voorkoming van finansiële misdaad, en verbode sakebedrywighede binne sowel as buite Suid-Afrika, ons op redelike gronde verhoed om voort te gaan om aan u krediet te verleen; of
- 'n Reputasierisikogebeurtenis plaasgevind het, in welke geval:

7.5 Ons u stiptelik in kennis sal stel wanneer ons daarvan bewus raak en;

- die Lening onmiddellik gekanselleer sal word; en
- u die Lening moet terugbetaal op die dag wat ons aangee in die kennisgewing wat by u afgelewer word.

8 **Betalings**

Ons sal bedrae wat ontvang word in die volgende volgorde aanwend om die Lening terug te betaal:

8.1 koste of uitgawes waarop ons geregtig is;

8.2 fooie, rente en;

8.3 om die Leningsrekening terug te betaal.

8.4 Ons mag na ons goeddunke enige bedrae wat kragtens hierdie Ooreenkoms deur u verskuldig is, debiteer teen enige rekening wat u by ons het.

9 **FlexiReserwe-fasiliteite**

Indien ons saam met hierdie Lening aan u 'n FlexiReserwe-fasiliteit toegestaan het, geld die bepalings van hierdie klousule 9.

9.1 Die FlexiReserwe-fasiliteit is vir die tydperk van die Lening beskikbaar.

9.2 U mag na u 'n versoek aan ons gerig het alle bedrae wat u betaal het wat die Terugbetalingspaaiemente oorskry, uit die Leningsrekening onttrek.

9.3 Ons betaal nie rente op enige bedrae wat u op die Leningsrekening betaal wat die Terugbetalingspaaiemente oorskry nie..

9.4 Indien 'n Wanprestasiegebeurtenis plaasvind, is ons geregtig om die FlexiReserwe-fasiliteit onmiddellik te kanselleer. Ons is andersins geregtig om die FlexiReserwe-fasiliteit enige tyd gedurende hierdie Ooreenkoms te onttrek deur aan u 10 (tien) sakedae kennis te gee.

9.5 U betaal die FlexiReserwe-fooi wat in die Kommersiële Bepalings aangedui word.

10 **Rente**

10.1 U stem in om rente te betaal teen die koers wat in die Kommersiële Bepalings aangegee word.

10.2 U stem in om rente te betaal teen die rentekoers wat elke dag op die uitstaande saldo van u Lening bereken word en maandeliks agterna by die uitstaande saldo van u Lening getel word.

10.3 Indien u rentekoers veranderlik is, verander dit ooreenkomstig veranderinge in ons Prima Koers. Ons sal u binne 30 (dertig) dae na die verandering in werking tree, skriftelik in kennis stel van die verandering in u Terugbetalingspaaiement.

10.4 U stem in om op alle bedrae wat kragtens hierdie Ooreenkoms agterstallig is, rente te betaal teen die strafkoers (Strafrentekoers) wat in die Kommersiële Bepalings aangegee word. Dit word elke dag bereken en maandeliks agterna by die uitstaande saldo van u Lening gevoeg. Die Strafrente sal gehef word vir so lank as wat die betaalbare bedrae agterstallig is voor 'n regsvordering gedoen word.

11 Fooie

11.1 U sal die Fooie (plus enige BTW wat op sodanige Fooie betaalbaar is) aan ons betaal soos in die Kommersiële Bepalings gespesifiseer. Tensy u ons in kennis stel van u voorneme om die Fooie te betaal, sal ons die Fooie teen u Leningsrekening debiteer.

12 Voorstellings en waarborge

U stel voor en waarborg te alle tye dat:

12.1 u alle nodige stappe gedoen het om die uitvoering van hierdie Ooreenkoms te magtig;

12.2 u volle bevoegdheid en magtiging het om te voldoen aan u verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms;

12.3 die bepalings van hierdie Ooreenkoms nie strydig is met die bepalings van enige ander ooreenkoms of onderneming wat bindend op u is, of dit verbreek nie;

12.4 alle inligting wat u in verband met hierdie Ooreenkoms aan ons verstrek in alle opsigte waar, volledig en akkuraat is;

12.5 u nie bewus is van enige feite of omstandighede wat nie aan ons openbaar gemaak is nie en wat, indien bekend gemaak, ons besluit om die Lening aan u toe te staan negatief kon raak;

12.6 u nie wanpresteer ten opsigte van enige van u verpligtinge teenoor ons of enige ander kredietverskaffer nie;

12.7 u nie insolvent is nie, en nóg u nóg enigiemand anders aansoek gedoen het vir 'n sekwestrasie- of likwidasiebevel teen u (hetsy voorlopig of finaal);

12.8 u nie enige voldoeningskennisgewings ontvang het van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom nie; en

12.9 u nie onder besigheidsredding is nie en geen stappe gedoen is om u onder besigheidsredding te plaas nie.

13 Wanprestasiegebeurtenisse

Elk van die gebeurtenisse of omstandighede wat in Klousule 13 uiteengesit word, is 'n Wanprestasiegebeurtenis:

13.1 u versuim om op die betaaldatum enige bedrag te betaal wat kragtens hierdie Ooreenkoms betaalbaar is; of

13.2 u versuim om aan enige van u verpligtinge kragtens of in verband met enige Finansieringsdokument te voldoen; of

13.3 u nie aan enige van u verpligtinge kragtens enige ander ooreenkoms met ons voldoen nie ; of

13.4 enige voorstelling, waarborg of onderneming wat gedoen is, of enige inligting wat in verband met die Lening verstrek is, in enige wesenlike opsig verkeerd of misleidend is of blykbaar was toe dit gedoen is; of

13.5 u of 'n party wat namens u sekuriteit verskaf het, nie in staat is om sy skulde te betaal wanneer dit betaalbaar is nie; of

13.6 u 'n daad van insolvensie pleeg soos omskryf in die Insolvensiewet 24 van 1936; of

13.7 u of 'n derde party aansoek doen of ander stappe doen om u te laat likwideer, ontbind of deregistreer, of u 'n besluit aanneem om gelikwideer, ontbind of gederegistreer te word; of

13.8 u 'n voldoeningskennisgewing van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ontvang wat u versoek om op te hou om besigheid te doen of handel te dryf; of

13.9 u begin (of 'n besluit aanneem om te begin) met besigheidsreddingsverrigtinge of 'n derde party begin besigheidsreddingsverrigtinge teen u; of

13.10 u betrokke is in litigasie of in enige ander geskil, of 'n gebeurtenis of reeks gebeurtenisse na ons mening voorgekom het wat redelik waarskynlik 'n wesenlik ongunstige uitwerking sal hê op u vermoë om enige van die verpligtinge kragtens hierdie Ooreenkoms uit te voer; of

13.11 'n skikking met 'n krediteur aangegaan word; of

13.12 'n likwidateur, kurator, besigheidsreddingspraktisyn of ander soortgelyke amptenaar aangestel word vir u of enige party wat aan ons sekuriteit verskaf het; of

13.13 enige soortgelyke prosedure of stap in enige jurisdiksie gedoen word; of

13.14 enige onteiening, nasionalisering, beslaglegging, sekwestrasie, noodsituasie of eksekusie enige bate of bates raak wat as sekuriteit aan ons gesedeer is; of

13.15 enige Finansieringsdokument in verband met die Lening nie meer wettig, geldig of afdwingbaar is nie; of

13.16 enige party wat sekuriteit verskaf het kennis gee om sy verpligtinge te beëindig of enige Finansieringsdokument in verband met die Lening beëindig; of

13.17 hierdie Ooreenkoms beëindig deur aan u kennis te gee en onmiddellike betaling van die volle uitstaande saldo van u Lening met voortgesette rente, fooie en koste te eis; en/of

13.18 enige sekuriteit afdwing wat ingevolge hierdie Ooreenkoms verskaf is.

13.19 U magtig ons hiermee om enige van u rekenings wat by ons gehou word, te debiteer ter vermindering, likwidasie en vereffening van u uitstaande saldo indien u kragtens hierdie Ooreenkoms wanpresteer

14 **Beperkings op Oordrag van Waterregte en Landbankbefondsing**

14.1 Indien die doel van die lening is om die verbouing van gewasse te finansier en u waterregte het oor die eiendom waarop die gewasse verbou gaan word, stem u in om nie enige deel van of al daardie waterregte te sedeer, af te staan, te verkoop, te beswaar of andersins oor te dra sonder om vooraf ons skriftelike toestemming te kry nie.

14.2 U stem in om, vir so lank as wat u aan ons enige bedrae kragtens die Lening skuld, nie aansoek te doen vir of krediet te aanvaar van die Land- en Landbouontwikkelingsbank van Suid-Afrika ('Landbank') of enige soortgelyke instelling wat per statuut tot stand gekom het, sonder om vooraf ons skriftelike toestemming te kry nie.

14.3 Ons is geregtig om bykomende sekuriteit te vereis indien ons besluit om toestemming te verleen om van u waterregte oor te dra of indien u finansiering by die Landbank aanvra.

14.4 Indien u ten tye van u aansoek vir die Lening reeds finansiering het van of aansoek gedoen het vir finansiering by die Landbank, waarborg u dat u alle wesenlike feite van sodanige finansiering aan ons openbaar gemaak het.

14.5 U moet ons skriftelik in kennis stel van enige wysigings van voorafbestaande finansiering by die Landbank asook enige wysigings van enige toekomstige finansiering by die Landbank waartoe ons toestemming verleen.

14.6 Indien ons toestem dat u by die Landbank aansoek doen vir finansiering en die Landbank by ons inligting aanvra oor spesifieke finansierings- en ander transaksies wat van tyd tot tyd tussen ons en u voltrek word om die Landbank in staat te stel om u aansoek vir finansiering te evalueer, stem u in dat ons sodanige inligting aan die Landbank mag verstrek.

15 **Koste en Uitgawes**

15.1 U stem in dat, indien u wanpresteer kragtens hierdie Ooreenkoms, ons geregtig is om alle invorderingskoste, fooie en kommissie wat ons aangaan om ons regte kragtens hierdie Ooreenkoms af te dwing, op die prokureur-en-kliënt-grondslag te verhaal.

15.2 U stem in dat ons alle invorderingskoste, fooie en kommissie wat in hierdie paragraaf beskryf word,teen u Leningsrekening mag debiteer en dat dit bygevoeg sal word by en deel sal uitmaak van die uitstaande saldo wat aan ons geskuld word.

16 **Verandering in Omstandighede**

Indien daar enige verandering is in (of in die vertolking, administrasie of toepassing van) enige toepaslike wet of regulasie of die bestaande vereistes van, of nuwe vereistes wat neergelê word deur, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Raad op Finansiële Dienste of ander regulerende owerheid (hetsy dit die krag van die wet het al dan nie) wat 'n verhoging in ons koste van befondsing, instandhouding of beskikbaarstelling van die Lening tot gevolg het of die inkomste uit die Lening verminder, moet u op aanvraag sodanige bedrag betaal as wat ons as nodig mag sertifiseer om te vergoed vir sodanige verhoogde koste of sodanige vermindering.

17 **Kennisgewings is Bindend**

Alle kennisgewings of beslissings wat ons gee of doen is bindend op u, behalwe in die geval van 'n klaarblyklike fout.

18 **Afstanddoening van Voordele**

U doen, in die mate wat kragtens toepaslike reg toegelaat word, afstand van die voordele van elk van die regsuitsonderings, verdeling, hersiening van rekenings, geen waarde ontvang nie, die verweer van 'n verkeerde berekening, en oormaking van handelinge, en u verklaar dat u die betekenis van elk sodanige regsuitsondering en die uitwerking van sodanige afstanddoening verstaan.

19 **Jurisdiksie**

U stem toe tot die jurisdiksie van enige Landdroshof in Suid-Afrika ten opsigte van enige regstappe in verband met hierdie Ooreenkoms, met dien verstande dat ons na ons goeddunke verrigtinge in enige Hooggeregshof van Suid-Afrika of arbitrasieverrigtinge mag instel.